Maandag **17 Junie**
**Skrifgedeelte: Handelinge 2:1-13 (AFR53/83/2020)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:3**

**Die Gees wat ons verander tot gelowiges**

Op die dag van die Pinksterfees toe almal bymekaar was, het die belofte van Christus, dat Hy die Heilige Gees vir die gelowiges sal gee, ’n werklikheid geword. Daar was ’n geluid soos ’n kragtige stormwind en tonge soos vuur het aan hulle verskyn. Waar hierdie tekens in die verlede tekens was van God se oordeel, is dit hier iets wat verander, suiwer maak, louter. Die Gees brand skoon en suiwer gelowiges se harte. Met veranderde harte gaan die gelowiges uit om God se wil te gaan doen en om te gaan praat *“oor die groot dade van God”* (vs 11).

Wanneer ons lees van die gebeure op Pinksterdag, dink ons aan die groot dade van God wat Hy in Christus gedoen het. Ons, sy kerk, is deur sy Gees nuutgemaak en gawes gegee om as nuwe gelowiges te gaan leef. Dit is slegs genade dat elke kind van die Here, deur die Gees verander is. Wanneer ons dan werklik besef hoe groot die dade is wat die Here doen, wil ons soos daardie veranderde, nuutgemaakte gelowiges gaan leef. Ons wil gaan vertel en gaan wys hoe die Here elkeen van ons uit ons deurmekaar staat gevat het en ons weer verenig het met ons Vader.

Die Heilige Gees wek ons op om ons gawes te gaan gebruik tot eer van Hom wat groot dade in elkeen van ons lewens verrig het. Wat vir ander soos onverstaanbare gebabbel klink en lyk, is vir diegene wat ook vervul is met die Gees, ’n wonderlike boodskap. ’n Boodskap van God se wonderlike genade en sy teenwoordigheid in en deur sy Gees.

*Sing: Skrifberyming 8-2:2, 5, 7*
*Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)*